

# Jakob die bedrieër



## SABBATMIDDAG

### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

*Genesis 25:21-34; asook hfst. 28:10-22, 11:1-9, 29:1-30 en 30:25-32.*

**Geheeteks:** “Esau het geantwoord: ‘Hy word tereg Jakob genoem. Hy het my nou al twee keer bedrieg; hy het my reg as eersgeborene gevat en nou het hy my seën gevat’” (*Genesis 27:36, NAB*).

**O**ns gaan nou voort met die verhaal van Isak, die wonderkind en vroeë voorvader van die beloofde Messias, en dié se gesin. Tog begin dié verhaal nie eintlik op ’n goeie noot nie. Die karaktergebreke van sy seun, Jakob, kom aan die lig wanneer ’n stryd om geboortereg tussen die twee broers ontstaan (*Gen. 25:27-34*), met ’n verdere kopstampery oor wie nou eintlik op hul pa se seëning geregtig is (*Genesis 27*).

Jakob bedrieg sy pa en steel die spesiale seën wat vir sy oudste broer bedoel was, met die gevolg dat hy vir sy lewe moet vlug. As vlugteling konfronteer die Here hom by Bet-El (*Gen. 28:10-22*). Voortaan is Jakob die bedrieër, self ook aan die ontvangkant van ander se bedrog. Volgens die ooreenkoms sou Jakob met Ragel trou, die een wat hy waarlik liefgehad het (*Genesis 29*). Hy ontvang egter die oudste dogter, Lea. So werk hy dan altesaam 14 jaar lank vir sy skoonpa om met albei te kan trou.

Tog word Jakob wel deur God geseën: as ontheemde word hy mettertyd die pa van 12 seuns, en die Here skenk hom ook finansiële welvaart op die ou end.

Ten spyte van al die onaangename oomblikke in Jakob se verhaal, is dit duidelik dat God sy verbondsbefolte enigerwys hier nakom, ongeag hoe baie die verbondsvolk faal.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 28 Mei.*

## Jakob en Esau

**Lees** Genesis 25:21-34. Vergelyk die geaardhede van Jakob en Esau. Watter van Jakob se eienskappe het van hom 'n beter kandidaat vir sy pa se spesiale seëning gemaak?

---



---



---

Dit blyk dat Jakob en Esau reeds in die baarmoeder van mekaar verskil het, en dat hulle uiteindelik gereeld sou kopstamp. Esau word as 'n gesoute jagter beskryf wat baie tyd in die veld deurgebring het. Jakob, daarenteen, was 'n "rustige mens," geneig om in die tent te sit en dinge te bepeins. Die Hebreeuse woord *tam*, wat as "rustige" in die NAB vertaal is, is dieselfde werkwoord wat m.b.t. Job en Noag gebruik is, waar dit vir eersgenoemde as "opregte" (*Job 8:20, NAB*) en vir laasgenoemde as "regverdige" (*Gen. 6:9, NAB*) vertaal is.

Hierdie karaktersverskille tree later van jare sterker na vore (*Gen. 27:1 tot 28:5*). Op 'n dag kom Esau moeg en honger tuis, en merk dat Jakob besig is om vir hom lensiesop te kook. Vir Esau is die onmiddellike, sinlike genieting van kos – iets wat hy "gou" wil hê (*Gen. 25:29, NAB*) – meer belangrik as die toekomstige seëning wat sy geboortereg was (*vgl. Heb. 12:16, 17*).

"Die belofte wat God aan Abraham gemaak het, en wat ook met betrekking tot die patriarg se seun gemaak is, het Isak en Rebekka as hul groot hoop gekoester. Jakob en Esau was ook daarmee vertrou. Van kinsdsbeen af is hulle geleer om die geboortereg as iets kosbaars te beskou; want dit het nie net op die erf van stoflike rykdom neergekom nie, maar dit het ook 'n voorkeur beteken betreffende geestelike dinge. Die ontvanger van daardie erflating was die priester van sy gesinsgroep, en die Verlosser sou eendag uit sy nasate gebore word" -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 177.

In teenstelling met sy broer, is die toekomstige, geestelike waardes van sy pa wat die oudste die hande oplê allerbelangrik. Kyk egter wat doen Jakob: aangehits deur sy moeder (*lees Genesis 27*) bedrieg Jakob sy pa openlik en doelbewus, en beroep hom selfs op "die Here u God" (*Gen. 27:20, NAB/OAB*) terwyl hy dit doen. Hy vang hierdie vreeslike ding aan, met die wete dat hierdie oplê van die hande 'n goeie ding is, en nie veronderstel is om vir die kwaad gebruik te word nie.

Dit het tragiese gevolge vir Isak se nasate gehad, wat nog meer struweling tot die bestaande familiestruweling gevoeg het.

**Jakob wou duidelik iets goeds, iets waardevols en iets eerbaars hê (veral in vergelyking met sy broer se houding teenoor die geestelike waarde van die geboortereg). Tog gebruik Jakob bedrog en leuens om daardie geestelike skatte te bekom. Hoe gemaak om nie in dieselfde strik te trap nie – d.w.s. deur iets slegs te doen in 'n poging om iets "goeds" te bekom?**

---

## Jakob se leer by Bet-El

Die oomblik toe Esau hoor dat Jakob die hande opgelê is, besef hy dat hy deur sy broer om die bos gelei is en deur hom verdring is (*Gen. 27:36*), met die gevolg dat Esau dreig om Jakob om die lewe te bring (*Gen. 27:42*). Rebekka is bekommerd hieroor en probeer om 'n misdaad te voorkom wat vir albei broers rampspoedige gevolge kon inhou (*Gen. 27:45*). Met Isak se goedkeuring (*Gen. 28:5*) dring sy by Jakob aan om na haar mense toe te vlug (*Gen. 27:43*). Op pad soontoe kom Jakob die Here in 'n droom tee, by 'n plek wat hy op die ou end Bet-El ("die huis van God") noem, en waar hy ook 'n eed aflê.

**Lees** Genesis 28:10-22. Vergelyk dit met hfst. 11:1-9. Hoe verskil Bet-El van Babel? Let op Jakob se ervaring by Bet-El teenoor dit wat by die toring van Babel gebeur het. Watter les kan ons daaruit leer vir ons wandel met God?

---

In die droom sien Jakob 'n wonderbaarlike leer wat na God in die hemel lei. Die Hebreuse werkwoord, *natsav*, word beide met verwysing na die leer en na God gebruik word, en word onderskeidelik soos volg vertaal: die leer wat op die aarde "staan" (*Gen. 28:12, NAB*) en die Here wat by Jakob kom "staan" (*vers 13, NAB*) – asof die leer en die Here een en dieselfde is.

Die leer hou verband met die poging by Babel om tot by die hemel te bou. Net soos die toring van Babel het ons by Jakob en die leer ook die idee van kontak met "die poort van die hemel" (*NAB*). Die toring van Babel is egter die mens se poging om God op eie stoom te bereik, terwyl die leer by Bet-El daarop klem lê dat toegang tot die Skepper slegs moontlik is deur God wat afkom na die mens, en nie deur die mens se pogings om self die hemel te haal nie.

Let ook op die "klip" waarop Jakob sy kop neergelê en toe die droom gehad het. Dit word die simbool van *beth-El*, "die huis van God" (*Gen. 28:17, NAB; vgl. Gen. 28:22*); en dui op die hemelse tempel, die tabernakel, die plek waar God sy reddingstaak vir die mensdom uitvoer.

Na dié gebeurtenis is Jakob gevul met ontsag en Hy aanbid die Here. Wanneer hy egter aan hierdie dinge uiting gee, is dit nie net 'n geestelike of mistiese gebaar nie. Jakob wou met iets tasbaars, met die uiterlike, reageer. So besluit hy toe om aan God "'n tiende [te] gee." Hy doen dit nie om deur God geseën te word nie, maar as 'n dankbetuiging vir die gawe wat God hom geskenk het, m.a.w. as danksegging vir wat hy reeds ontvang het. Hier sien ons weereens die idee van tiende lank voor die totstandkoming van die volk Israel.

**Lees weereens Genesis 28:11. Die "tiende" is "van alles wat U my gee" (*Gen. 28:22, NKJV*). Watter allerbelangrike punt bring Jakob hier tuis oor tiendes, spesifiek oor wat 'n tiende veronderstel is om te wees?**

## Die bedrieër word bedrieg

**Lees** Genesis 29:1-30. Hoe bedrieg Laban vir Jakob en waarom laat die Here dit toe? Watter lesse het Jakob daaruit geleer?

Die eerste ding wat Jakob sien wanneer hy sy bestemming bereik is 'n klip, wat moontlik 'n indirekte verwysing na die klip by Bet-El is. Neem in ag dat laasgenoemde op God se teenwoordigheid gedui het (*Gen. 28:18, 19*). Dit is natuurlik dié tweede klip wat Jakob die geleentheid gee om Ragel te ontmoet. Terwyl hy met die skaapwagters by die put staan en praat noem hulle dat Ragel pas aangekom het, ten einde haar skape te laat drink. Jakob vra toe mooi dat hulle die klip wat oor die bek van die put is, moet wegrol. Die skaapwagters weier egter. Dit gee Jakob egter die geleentheid om dit self te doen en om sodoende homself aan haar bekend te stel (*Gen. 29:11*).

Op dié haas Ragel toe huis toe, om die nuus aan haar huismense oor te dra. Die eerste kontak tussen Jakob en Ragel was inderdaad ook produktief: “Jakob het haar liefgehad” (*Gen. 29:18, NAB*), soveel so dat die sewe jaar wat hy vir Laban in ruil vir Ragel moes werk, vir Jakob soos “'n paar dae” was (*Gen. 29:20, NAB*).

Na die sewe jaar word Jakob egter om die bos gelei. Op sy wittebroodsnag ontdek hy die oudste suster, Lea, in sy huweliksbed, in plaas van Ragel. Hoe het Laban dit reggekry om Jakob te mislei? Deur munt te slaan uit die verwarring tydens die bruilofsfees, en deur Jakob se weerloosheid en sy intense gevoelens vir Ragel uit te buit. Interessant genoeg, gebruik Jakob dieselfde Hebreeuse stamwoord vir “bedrieg” hier (*Gen. 29:25, NKJV*), as wat Isak gebruik het om sy misnoë te kenne te gee, nadat Jakob vir hom en Esau ore aangesit het (*Gen. 27:35*).

Let daarop dat 'n mens dieselfde eienskappe in die *lex talionis* (oftewel die wet op vergelding) – d.w.s. “'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand” – bespeur. (*Lees Eks. 21:24, NAB; vgl. Gen. 9:6.*) Die wet op vergelding forseer die oortreder om met sy/haar slagoffer te identifiseer, deurdat die oortreder dieselfde lot as die slagoffer moet deurmaak. Op 'n soortgelyke wyse word Jakob nou aangedoen wat hy tevore aan sy pa en broer gedoen het.

Jakob verstaan nou wat dit beteken om 'n slagoffer van verraad te wees. Dit is nogal ironies dat die Here deur middel van Laban se verraad vir Jakob op syne wys. Jakob het maar al te goed geweet wat misleiding is. Sy eie pa het immers gesê dat hy hom “bedrieg” het (*Gen. 27:36*). Tog is Jakob uit die veld geslaan toe hy aan die ontvangkant is. So vra hy toe vir Laban: “Waarom het u my bedrieg?” (*Gen. 29:25, NAB*). Hy weet dus duidelik wat verraad is.

**Hoewel Jakob die bedrieër was, is hy self ook deur 'n ander bedrieg. Hoe kan ons leer om die Here te vertrou wanneer “geregtigheid” eenvoudig nie geskied nie; wanneer 'n mens sien hoe mense figuurlik of letterlik gesproke met moord wegkom, wanneer onskuldiges ly?**

## God seën Jakob se huis

Vir Jakob was die laaste sewe jaar van sy ballingskap 'n las. Tog het dit vrugte afgewerp, en somer baie. In daardie tydperk word Jakob elf kinders ryker – elf van die altesaam twaalf kinders wat uiteindelik die voorsate van die volk Israel sou word.

Hierdie gedeelte vorm die halfpad-baken van Jakob se lewensverhaal (*Gen. 25:19 tot 35:26*), en begin en eindig met 'n deurslaggewende sinsnede. Dit sê die volgende, beide met verwysing na Lea (*Gen. 29:31, OAB*) en Ragel (*Gen. 30:22, OAB*): dat God “haar skoot geopen” het. Hierdie sinsnede word telkens deur die geboorte van 'n kind gevolg, 'n bewys dat hierdie nuwe lewenswonderwerke van Bo was.

### **Lees** Genesis 29:31 tot 30:22. Hoe behoort die moderne gelowige dié gebeure te verstaan?

---



---

God het Lea se skoot geopen en sy het 'n seuntjie, Ruben, gehad. Sy naam bevat die werkwoord *ra'ah*, wat “sien” beteken. Die Here het “gesien” dat Jakob haar nie liefhet nie (*Gen. 29:31*) en daarom vergoed Hy haar vir die seerkry wat sy deurmaak.

Daarby noem sy haar tweede seun Simeon, wat die werkwoord *shama'* bevat, wat “hoor” beteken. Waarom? Omdat die Here ook van haar vernedering, as die ongewenste een, “gehoor het” (*shama'*); met die gevolg dat God Hom oor haar ontferm het, net soos Hy ook van Hagar se pyn gehoor het (*Gen. 29:33*).

Lea se seun “Simeon” eggo die naam van Hagar se seun, “Ismael,” wat “die Here het... gehoor,” beteken (*lees Gen. 16:11*). Met die geboorte van Lea se laaste seun noem sy hom Juda, wat “prys” beteken. Sy praat nie meer van haar pyn of selfs van haar seëninge nie. Sy fokus bloot op God en prys Hom vir sy genade.

Eienaardig genoeg is dit eers toe Lea nie meer geboorte kan skenk nie, dat God “aan Ragel gedink” en haar skoot geopen het (*Gen. 30:22*). Ragel, die geliefde een, moes na haar troudag sewe jaar lank wag, en altesaam 14 jaar na haar verlowing aan Jakob, om haar eerste seun te verwag (*Gen. 29:18, 27; vgl. Gen. 30:25*). Sy het hom “Josef” genoem. Daarmee wou sy twee dinge te kenne gee: “God het my smaad weggenem [*'asaf*]” en “Mag die Here vir my 'n ander seun daar byvoeg! [*yasaf*]” (*Gen. 30:23 en 24, OAB*). Ten spyte van hoe verkeerd Jakob, en later, Laban se bedrieglike optrede was, kon die Here steeds uit hierdie gebrokenheid 'n nasie uit Abraham se nageslag skep, selfs al het Hy nie hulle onderskeidelike bedrogplegings nie goedgekeur nie.

**Hoe toon hierdie verhaal dat God se wil, ten spyte van die mens se swakhede en foute, op hemel en aarde sal geskied?**

---

## Jakob trek weg van Laban

Wat gebeur in dié verhaal? Jakob – die een wat sy pa en sy broer bedrieg het ten einde die eersgeboortereg te bekom, en wat die seëning wat Isak aan sy oudste wou gee, gesteel het — wreek hom nooit op Laban nie, maar dien hom getrou. Jakob was al te bewus dat sy skoonpa hom bedrieg het. Tog het hy nie daarvoor getob nie. Dit is moeilik om Jakob se passiewe houding hier te verstaan, inaggenome sy temperament. Jakob kon in opstand teen Laban gekom het of teëstand gebied het of onderhandel het. Tog doen hy geen van hierdie dinge nie. Wat Laban van hom vra, dit doen hy; ongeag hoe onregverdig die hele affêre was.

Met die geboorte van Ragel se eerste seun, Josef, bereik Jakob egter (en uiteindelik) die veertiende jaar van sy “diens” aan Laban (*Gen. 30:26*), en oorweeg dit toe om Laban te verlaat sodat hy na die Beloofde Land kan terugkeer. Jakob is egter besorg. Hoe gaan ek “vir my huis” sorg? – wil hy weet (*Gen. 30:30, OAB & NAB*).

**Lees** Genesis 30:25-32. Wat gebeur hier, en wat is Jakob se rede vir dié besluit? Wat is Laban se reaksie?

---



---

Dit was ’n baie lang haakplek in Jakob se lewe dié. Hy het aanvanklik sy geboortehuis verlaat om ’n vrou te vind. Hy het seker nie gemeen om soveel jare buite Kanaän te vertoef nie, maar weens omstandighede kon dit nie anders nie. Nou het die tyd aangebreek om huiswaarts te keer, en boonop met ’n groot gesin.

Die vraag is net: waarom het Jakob nie vroeër weggetrek nie? Sy buitengewone insiklikheid dui daarop dat hy moontlik verander het, dat hy die geloofsles verstaan het, dit wil sê, dat hy moes wag tot God die teken gee. Eers nadat God met hom gepraat en hom aangesê het om dit te doen, trek Jakob.

God openbaar Homself aan Jakob as “die God van Bet-El” (*OAB*), en beveel Jakob om Laban se huishouding verlaat en na sy mense terug te keer. God gebruik die woorde “die plek waar jy gebore is” (*Gen. 31:13, DB*), dieselfde wat Hy gebruik het toe Hy Abram aangesê het om weg te trek: “weg van die plek waar jy gebore is” (*Gen. 12:1, DB*).

Benewens God se bevel, het Jakob ook besef dat die tyd vir terugkeer aangebreek het, a.g.v. die houding van Laban se seuns en ook van Laban self (*lees Gen. 31:1, 2*). “Jakob sou al lankal van sy sluwe bloedverwant af weggetrek het. Wat hom teruggehou het, was die vrees dat hy dalk vir Esau [in Kanaän] sou raakloop; maar nou het gevaar begin dreig, met Laban se seuns wat Jakob se rykdom met afguns bejeën en wat dit dalk met geweld sal probeer afneem” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 193.

So pak Jakob toe sy besittings en trek met sy gesin daar weg, en betree so ’n nuwe fase in die groot sages van God se verbondsvolk.

**Vir verdere studie:** God het Jakob gekies, nie omdat hy dit verdien het nie, maar uit genade. Tog het Jakob hard probeer om God se genade te verdien, wat opsigself 'n teenstrydigheid is. As hy dit kon verdien het, is dit mos nie genade nie, maar redding deur werke (*lees Rom. 4:1-5*); wat strydig met die evangelie is. Eers later het Jakob die ware betekenis van God se genade verstaan, en ook wat dit beteken om op God te vertrou; wat dit beteken om 'n lewe van geloof te lei, en om geheel en al op die Here staat te maak. Jakob se ervarings is 'n uitstekende les vir elkeen wat ambisieus is: moenie eiebelang ten koste van ander najaag nie.

“Jakob was onder die indruk dat hy die eersgeboortereg deur verraad kon bekom, maar dit het op 'n reuse teleurstelling uitgeloop. So het hy toe gedink: nou het ek alles verloor, my band met God, my geboortehuis, alles! Daar was hy, 'n ontnugterde boef op vrye voet. Maar wat doen die Here toe? Hy sien die hopeloosheid waarin Jakob verkeer, die teleurstelling in sy gemoed. Tog sien die Here hier ook die grondstof vir herskepping, 'n nuwe blaadjie tot eer van sy Naam. Die Here ontferm Hom oor Jakob se wanhopige situasie: hy volg dadelik met die openbaring van die bonatuurlike leer, wat op Jesus Christus dui. Hier is 'n man wat sy verbintenis met God verloor het, maar die almagtige God sien hom vanuit die hemel raak. Hy stem in dat Christus die skeiding wat sonde gebring het sal oorbrug. Miskien dink ons: ek begeer 'n band met die Almagtige, maar hoe gemaak om by Hom uit te kom, ek sien dan geen uitweg nie? Dit is presies wat Jakob gedink het, en daarom gee die Here hom toe die visioen oor die leer; 'n leer wat die aarde met die hemel verbind het, wat Jakob met Jesus Christus verbind het. Dit is 'n leer waarteen 'n mens kan uitklim, want die onderpunt staan op die aarde, en die bopunt raak aan die troonkamer van God” -Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, deel 1, bl. 1095.

### Vrae vir bespreking:

- ❶ Let op die karakters van die mense (Isak, Rebekka, Jakob, Esau, Laban, Ragel, Lea) wat ons tot dusver in bybelverhale teëgekomp het. Kyk na al die leuens en die verraad. Wat leer ons hieruit aangaande die aard van die mens, in die algemeen, asook oor God se genade?
- ❷ Watter tekens in die verhaal van Jakob toon dat hy 'n paadjie van geestelike volwassenheid betree het?
- ❸ Watter gevaartekens is daar dat ons, as Sewendedag-Adventiste, dalk dieselfde houding het as wat Esau teenoor sy eersgeboortereg gehad het? Anders gestel: hoe kan ons seker maak dat ons liefde en waardering vir al die lig wat God ons gee het nooit taan nie?